

• **Die Gereformeerde leer van die laaste dinge**


Lidmate kan gerus in die Belydenisskrifte lees wat die Gereformeerde leer van die laaste dinge is:

- **Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 37.**
- **Heidelbergse Kategismus, Sondag 22.**

Teenoor die dwaalleer van die wegraping is die Gereformeerde leer van die laaste dinge meer as duidelik.

- ❌ By die dood gaan die onsterflike siel van die gelowige direk na Christus toe in die hemel (Luk.23:43). Die siel van die ongelowige gaan na die voorlopige verdoemenis (1 Pet.3:19).
- ❌ Ons verwerp die Roomse leer van vagevuur, die spiritistiese geestesoproep, die leer van die sieleslaap en die reïnkarnasie.
- ❌ Die toestand in die Vaderhuis is 'n bewuste toestand.
- ❌ Die wederkoms van Jesus Christus word voorafgegaan deur die tekens van die tye: oorloë, hongersnood, aardbewings, toenemende ongeregtheid, valse Christusse, toenemende sendingaktiwiteit, toenemende versplintering van die kerk, vervlakking van die lewe (Matt.24; Openb.6:5-6; Judas vs.17-19, 2 Tim.3:1 e.v.).
- ❌ Die Antichris is 'n persoon aan die einde van die tyd, 'n inkarnasie van Satan wat die volkere sal verlei en tot eenheid saambind (2 Tess.2:3-10; Eseg.3:5-9; Openb.13:8, 12). Die eenheid sal op geweld berus (Openb.13) en die gelowiges sal vervolgd word (Openb.21:3).
- ❌ Wat die wederkoms betref is die dag en datum nie bekend nie (Matt.24:36-44). Jesus sal op die wolke verskyn vergesel van engele (Matt.16:27).
- ❌ Die opstanding van die dode vind plaas en dié wat nog lewe word verander. Die gelowige ontvang 'n verheerlikte liggaam (Joh.5:29; 1 Kor.15:42-51).
- ❌ Dan word die oordeel voltrek. Die Antichris, die valse profeet en die ongelowiges word in die hel gewerp (Openb.20:7-15). Alle mense word geoordeel. Op grond van Christus se verdienste ontvang die gelowiges die finale vrysprak (Matt.25:31-46).
- ❌ Die ganse skepping word vernuut en word bewoon deur die gelowiges. Daar is direkte gemeenskap met God (Openb.21:2; 2 Pet. 3:7-10).
- ❌ Dan word die volheid van die Ewige Lewe bereik.

Dr. Nico van der Merwe



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 5 Junie 2011

Nommer 16

DWALING VAN DIE WEGRAPING

Vir baie Gereformeerdes was dit seker iets nuuts om van die wegraping te hoor toe Johannes Coetzee op voorbeeld van die Amerikaanse Christelike radiopersoonlikheid, Harold Camping, voorspel het dat die wegraping op 21 Mei 2011 sou plaasvind en dat die wederkoms op 21 Oktober 2011 sal wees. Die 89-jarige Camping het voorspel dat 200 miljoen mense, of 3% van die wêreldbevolking, as God se uitverkorenes weggeraap sal word. Die eindronde van Armageddon speel dan op 21 Oktober 2011 af wanneer die aarde met vuur verteer sal word en die nuwe hemel en nuwe aarde tot stand sal kom.

• **Wat beteken die woord “wegraping”**

Die woord *wegraping* is afgelei van die Latynse (*rapio*) vertaling van die Griekse woord *harpazo* in 1 Tessalonisense 4:17. Die Afrikaanse werkwoord “raap” beteken “*haastig optel, bymeekaarmaak, gryp*”. Wegraap beteken dus wegneem, wegvat, weghaal. Wegraping verwys na 'n handeling waar iets weggeneem, weggevat, weggegryp is. Daar is mense wat Openbaring 7:9-17 verklaar as 'n beskrywing van die gelowiges wat “*weggeraap*” is van die aarde af hemel toe.

• **Wat is die “wegraping”**

Die voorstanders van die leer van die wegraping sê dat die wederkoms in twee fases gaan plaasvind, naamlik Christus se koms *vir* sy heiliges en sy koms *met* sy heiliges. Gedurende die eerste fase kom Christus baie onverwags, soos ‘n dief in die nag, om sy bruid te kom haal. Hy ontmoet haar in die lug en voer haar vinnig na hemelse plekke weg (Joh. 14:2-3; 1 Thess. 4:16-17; 1 Thess. 5:2).

(Vervolg op bladsy 7)



PREKE VANDAG

Dr. Sarel van der Walt



Oggenddiens Tema: **DIE DOOP GAAN OOR GOD**

Lees: Esegïël 36:16-38

Teks: Esegïël 36:22

Die woordjie “verbond” is ’n versterkte vorm van die woord “verbind”. Met die verbond wat God met sy volk gesluit het, verbind Hy sy volk en sy kinders met ’n ewige band aan Homself. En in die doop sien ons die uiterlike vergestaltung daarvan. Wanneer ons vanoggend ’n klein verbondskind doop, dan getuig die doop van die ewige genadeverbond wat God met sy volk opgerig het. En dit getuig ook van die afwassing van ons sondes deur die bloed van Christus; ook van die vernuwende werk van die Gees in die harte van God se kinders. Die doop gaan dus nie oor die mens nie, maar oor God; nie oor mensgemaakte simboliek nie, maar oor ’n Godgegewe band waardeur ons kinders van God word en Hy ons God en Vader.



Aanddiens Tema: **CHRISTUSPREDIKING OP SY BESTE!**

Lees: 1 Timoteus 1:12-2:7

1 Korintiërs 1:18-31

Heidelbergse Kategismus Sondag 6

Teks: 1 Timoteus 2:5, 6

1 Korintiërs 1:22

In Sondag 6 het ons te doen met Christusprediking op sy heel beste want vanaf die begin tot die einde gaan dit om een onderwerp, nl. ons Verlosser, ons Middelaar, ons Here Jesus Christus. As sodanig vorm hierdie Sondagsafdeling dus ’n hoogtepunt. Die Kategismus fokus hier op Christus, ware mens en ware God, en op die Bybel wat vanaf die eerste bladsye profeteer dat hierdie Verlosser gestuur sal word tot ’n volkome versoening van al ons sondes. Christus moet die kern vorm van die prediking, van die pastoraat, van die kategese. Dit is die kern van ons gereformeerde Godsdiens.



(Vervolg van bladsy 1)

Gedurende die tweede fase kom Christus in die openbaar sodat elke oog Hom sal sien. Hy word vergesel van sy bruid, asook ’n hemelse leërskare, en sit sy voet op die Olyfberg neer (Sag. 14:4-5; Op. 19:11-15). Voorstanders van die “wegrapping” gebruik Johannes 14:1-3 waar Jesus sê Hy gaan weg om plek gereed te maak vir sy dissipels en dat Hy dan sal terugkom om hulle na Hom toe te neem. Hulle steun op die klassieke gedeelte in 1 Tessalonisense 4:16-18, waar Paulus verduidelik dat dié wat in Christus gesterf het eerste uit die dood sal opstaan, en daarna sal dié wat nog leef, saam met dié wat opgestaan het op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. Die wegrapping is dus ’n dramatiese fisieke ingryping deur God wanneer Christus sy eiendom kom wegruk voor die verskyning van die Antichris.

Tussen die twee genoemde fases van sy wederkoms sal die sewe jaar van groot verdrukking plaasvind. Onmiddellik nadat die Heilige Gees, met die wegrapping uit die weg is, sal die Antichris persoonlik geopenbaar word. Die regering van die Antichris sal beëindig word met die slag van Armageddon by die sigbare verskyning van Jesus se wederkoms. Na die sigbare verskyning van Jesus en die slag van Armageddon sal die oordeel van die nasies plaasvind. Hier sal die bokke geskei word om in die poel van vuur gewerp te word. Die Antichris en die Valse Profeet sal ook gedurende hierdie tyd gevange geneem word en in die poel van vuur gewerp word. Terselfdertyd sal die Satan vir 1 000 jaar gebind word en in die afgrond gewerp word. Gedurende die tydperk wat Satan gebind sal wees, sal daar vrede op hierdie aarde wees, daarom word dit die Duisendjarige Vrederyk genoem. Christus sal self, terwyl Hy op die troon van Dawid sal sit, sigbaar vir hierdie 1 000 jaar op aarde regeer. Die heiliges sal saam met Hom as konings en priesters op aarde regeer. Na die Duisendjarige Vrederyk sal die Satan vir ’n kort tydjie losgelaat word en dan sal die slag van Gog en Magog onder sy aanvoering plaasvind. Hierna sal die Satan gevang word en in die poel van vuur gewerp word om vir ewig daar gestraf te word. Hierna volg die nuwe hemel en die nuwe aarde, want die ou hemel en die ou aarde het verbygegaan. Die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sal die woonplek van die kinders van God wees, waar hulle tot in alle ewigheid in geluksaligheid sal wees.

(Vervolg op bladsy 8)

DOOP

Hartlik geluk aan Alf en Annabelle White met die doop van hulle dogtertjie Miané! Mag die seën van die Here op julle as verbondsgesin rus en die nuweling vir julle groot vreugde en blydskap bring. (Wyk 25. 018-468-3820).

**BAIE DANKIE DR. SAREL**

As gemeente wil ons vir Dr. Sarel sê baie dankie vir die inisiatief wat hy geneem het en die daadwerklike opstel en uitstuur van die e-NUUSBRIEF elke Woensdag. Vir ons as lidmate is dit goed om in die helfte van die week nuus te ontvang ten opsigte van die gemeente veral waar dit gaan om persoonlike berigte van gemeentelede. Baie dankie vir die diens wat u aan die gemeente lewer.

'n Dankbare Gemeente

**BOEKE BESKIKBAAR**

'n Hele klompie Bybelkunde boeke van wyle sr Vicky Scheepers is beskikbaar vir diegene wat dit dalk handig kan gebruik. Enigiemand wat belangstel om van die boeke te neem, kan na die erediens in die konsistorie die boeke kom besigtig, anders kan u gerus vir oudl Hendrik Scheepers kontak (018 484 3965 / 082 460 3391). Ons is dankbaar dat sr Vicky se nalatenskap ook op hierdie wyse andere se lewens kan verryk!

**BREI-N-BLOK**

Al die susters wat deelgeneem het aan die blokkies-brei-projek, word vriendelik uitgenooi om die blokkies op **Dinsdag 7 Junie 2011 om 10:00 kerksaal** toe te bring sodat ons kan begin aanmekeer sit.

**BEDERF-PAKKIE, KINDERHUIS**

Die Diaconie bedank almal wat eksamenbederfpakkies vir die nege seuns van die Paul Kruger-Kinderhuis gevul het. Hierdie pakkies moet asseblief vandag nog ingehandig word sodat dit in Pretoria afgelewer kan word. Kontakpersone: Hanlie Mocke en Martie Venter

**PERSONALIA**

- Arenda Putter se skouervervanging het baie suksesvol afgeloop en sy moet vir 'n tydjie nog fisioterapie ontvang. Sy is tans tuis by familie in Pretoria (Wyk 21. 083-396-4253).
- Japie en Gerda Olivier se seun Hanco (in Grey College, Bloemfontein) is gekies as die beste o/15 Vrystaat krieketspeler! En dan is hy verder ook gekies vir die Vrystaat o/16 Cravenweek Rugbyspan! Baie geluk met sy mooi prestasies! (Wyk 23. 083-417-7789).
- Michiel Kruger (van Mike en Elsje) het sy graad, B.Comm Rekeningkunde, verwerf met die afgelope gradeplegtighede van die Noordwes Universiteit. Hartlik geluk! (Wyk 11. 018-468-6672).
- 'n Skoonsuster van oom Peet van der Walt is verlede naweek oorlede. Ons bid hom en die familie vertroosting toe! (Wyk 13. 018-468-7432).
- Aan almal wat in hierdie winterdae erge verkoues/griep onder lede het, en vir wie die wintertyd 'n sware stryd is wanneer die koue somer 'n hele klomp skete en pyne wakker maak, baie sterkte!

**LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**

Sondag 5 Junie 2011

Oggenddiens 09:30		Aanddiens 18:00		
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 92:1 & 2	Bl. 466	Psalm 105:2	Bl. 514
2.	Psalm 50:8	Bl. 255	Skrifberyming 1-2:2 & 3	
3.	Psalm 50:11	Bl. 256	Skrifberyming 1-1:1 & 2	
4.	Psalm 128:3	Bl. 627		
5.	Psalm 146:1,4,8	Bl. 700		





BYBELSTUDIE

1.	SONDAG 5 JUNIE 2011 ~ Hebreërbrief
	19:00 – 20:00 In die konsistorie
2.	WOENSDAG 8 JUNIE 2011 ~ Lukas
	10:00 – 11:00 In die pastorie



NA-SKOOL JEUG

Die na-skool jeug (ouderdom 18-29) word vriendelik versoek om volgende Sondag 12 Junie na die erediens en na die katkisasie-opening voor in die kerk bymekaar te kom. Die jeugkommissie sal graag met julle gesprek wil voer en julle gedagtes wil toets rondom die wyse waarop julle as 'n groep in die gemeente bedien kan word, hetsy dmv Bybelstudie, tema-aande ensovoorts. Laat solank julle gedagtes gaan en kom help ons om die na-skool jeugbediening stukrag te gee.

VANAF DIE DIAKONIE

- Die diakonie doen 'n dringende beroep op lidmate om asseblief kennis te neem van 'n gesin in ons gemeente met besondere unieke en langtermyn mediese omstandighede waarvan die finansiële omvang van so 'n aard is dat dit nie deur die lidmate self gedra kan word nie en wat ook nie op die langeduur deur die diakonie gedra sal kan word nie. Indien dit vir enigiemand moontlik is om 'n donasie/bydrae/skenking te maak vir hierdie doel, kontak asseblief met Kobus Booysen (die diakonievoorsitter, 082 446 1211 | jbooysen@anglogoldashanti.com). Dit sal hoog op prys gestel word en absoluut vertroulik hanteer word.
- Die diakonie vra vriendelik dat enigiemand wat graag 'n DVD opname van enige preek wil hê, asseblief hul eie skoon DVD sal saambring sodat die preek direk na die diens daarop geskryf kan word en jy dit dan sommer klaar kan saamneem huis toe.



BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BEROEPE ONTVANG

- Ds. MPA Venter van Potgietersrus-Wes na Pretoria-Wes.
- Ds. CCA Vrey van Rustenburg-Noordos na Bellville.



KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
05 Junie	Barmhartigheid	Teologiese Studente
12 Junie	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds
19 Junie	Barmhartigheid	Bybelverspreiding



GEMEENTEPROGRAM

Sondag 5 Junie tot Saterdag 11 Junie 2011

Sondag 5 Junie	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 5 Junie	Katkisasie – Les 12	10:30-11:00
Sondag 5 Junie	Aanddiens	18:00-19:00
Sondag 5 Junie	Bybelstudie (Konsistorie)	19:00-20:00
Woensdag 8 Junie	Bybelstudie (Pastorie)	10:00-11:00
Donderdag 9 Junie	Inbetaling Kerklike Bydraes	



TEESKINKBEURTE

Sondag 5 Junie 2011	Wyke 13 & 15
Sondag 12 Junie 2011	Wyke 16 & 17
Sondag 19 Junie 2011	Wyke 18 & 19



Verjaarsdae

5 Junie	Johan Rust	10	018-462-7231
5 Junie	Jedrienne Jacobs	17	018-468-6309
5 Junie	Marco van Antwerp	17	082-467-4907
5 Junie	Joshua Venter	24	076-620-1003
6 Junie	Heinrich Scheepers	23	018-477-1883
7 Junie	Elsabé du Plessis	16	083-261-8522
7 Junie	Roelien Hall	9	072-552-3358
8 Junie	Heleen van Zyl	5	018-468-5628
8 Junie	Gert Lindeque	19	082-890-7655
9 Junie	Marius Hütge	7	018-468-1178
10 Junie	Rina de Bruyn	2	018-468-2886
11 Junie	Cachet Ioxton	3	018-468-7414
11 Junie	Elna van der Walt	26	018-468-1385
11 Junie	Annalise Booysen	12	082-920-9020
11 Junie	Elsje van Ouuren	18	083-710-4833
11 Junie	Michelle Lombard	1	071-620-1003

Van harte geluk met jou verjaarsdag. Die gemeente wens jou alle sukses en voorspoed toe vir die nuwe lewensjaar.

